

GK CARLETONVILLE GEMEENTE AKTIWITEITE EN DIE CORONA-VIRUS

Liewe gemeente, u is seker elkeen bewus van die corona virus en die gevolge wat dit vir ons hele samelewing tans het op alle lewensterreine (sien die verskillende dokumente hier onder vir kennisname).

Die kerkraad het die volgende besluite geneem, en sal dit weekliks monitor en verdere besluite neem, indien ons dit nodig ag in die lig van verdere inligting en verwickelinge wat plaasvind:

1. alle gemeente aktiwiteite, veral die erediens op die Sondag, gaan voort.
2. Die volgende maatreëls word wel aangemoedig (let wel, hierdie reëlings is behalwe dit wat reeds aanbeveel word deur die owerhede en medici om die virus te help bekamp of te voorkom, sien die dokumentasie hier onder):

2.1 Lidmate moet so verspreid as moontlik in die eredienste sit.

2.2 Vermyn sover moontlik enige onnodige fisiese kontak soos bv. die gebruik van handgroet en/of die 'broederlike/susterlike kus'.

2.3 Die drie kenmerkende simptome van corona-virus, is 'n hoes, asemtekort/sukkel om asem te haal, en 'n hoë koors. As enige lidmate hierdie simptome tegelyk het, moet hulle hul dokters raadpleeg, asook eerder tot hul beter is, nie eredienste bywoon nie, en soveel kontak as redelik moontlik vermyn. Volgens die mediese inligting, is veral ouer mense vatbaar vir die virus, en daarom word ouer lidmate wat tans siek en broos is, ook aanbeveel om nie die dienste tans by te woon nie. Die kerkraad gaan voort met pastorale bediening waar moontlik.

3. Soos altyd, is die preke beskikbaar, per whatsapp of CD, vir lidmate wat nie eredienste kan bywoon nie.

Ons kerkraad se bede is dat ons ons roeping sal vervul om die eredienste by te woon (Hebr. 10:25), met die nodige verantwoordelikheid teenoor die Here en mekaar as gelowiges.

Hier is 'n paar dokumente om te lees aangaande die saak:

1. *Deputate Owerheid GKSA se skrywe oor die COVID 19 Virus:*

<https://proregno.files.wordpress.com/2020/03/covid-19.-brief-deputate-owerheid.pdf>

2. *President Ramaphosa kondig maatreëls aan:*

<https://maroelamedia.co.za/nuus/sa-nuus/koronavirus-president-kondig-maatreels-vir-sa-aan/>

3. *Koronavirus: 10 redes om nie paniekerig te raak nie:*

<https://maroelamedia.co.za/nuus/sa-nuus/koronavirus-10-redes-om-nie-paniekerig-te-wees-nie/>

4. *Ds. Slabbert se preek van 15 Maart, om perspektief te hou:*

<https://proregno.com/2020/03/16/preek-openbaring-146-13-corona-virus-die-ewige-evangelie-en-die-ewige-oordeel-van-god/>

Die kerkraad, GK Carletonville (18 Maart 2020)